

# PRO REGNO

Daarom, omdat ons 'n onwankelbare **koninkryk** ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28

Nommer 4

- Vir die Koninkryk -

4 Junie 2009 AD

## Inhoud

- *Is die Evangelie op die Spel ?*, 'n Skrifbeskoulike bespreking, S Le Cornu
- *Die Bybel in die Weegskaal: Kritiek teen die Bybel ontleed*, dr. Willie Marais

## IS DIE EVANGELIE OP DIE SPEL ? – INDERDAAD !

- 'n Skrifbeskoulike bespreking van prof. Adrio König se boek "Die Evangelie op die Spel" –  
*Slabbert Le Cornu*

Prof. Adrio König is seker een van die mees produktiefste teoloë wat die NG Kerk nog gehad het, en daarvan getuig drie van sy laaste boeke:

- *Wat is reg ? Weet iemand dalk ? – Vorm 'n ingeligte opinie oor vrae wat pla en gesels saam* (Lux Verbi, 2005). Afkorting vir die doeleindes van hierdie artikel: **WWV**

- *Die Evangelie op die Spel: Vind jou weg deur die huidige geloofsdoolhof – Die verwarring oor die Bybel en oor Jesus se lewe, sterwe en opstanding. 'n Alternatief op liberalisme en fundamentalisme* (Lux Verbi, 2009). Afkorting vir die doeleindes van hierdie artikel: **DES**

- *Radikaal Anders soos Jesus: Leef jy anders as die wêreld ?* (Carpe Diem, 2009). Afkorting vir die doeleindes van hierdie artikel: **RAJ**

### Inleiding

König was vir dekades lank professor in Sistematiese Teologie verbonde aan Unisa (vanaf 1966). Hy is nou 'n emeritus en daarom is dit geen wonder dat die een boom na die ander in die slag bly onder die arbeid van sy vlytige pen nie. Alhoewel hy in die verlede al heelwat geskryf en gepolemiseer het teen sekere van sy kollegas by Unisa en ander teologiese skole, is dit veral sy boek DES, wat baie opspraak verwek het (positief én negatief) die afgelope tyd in die media en in kerklike kringe.<sup>1</sup>

<sup>1</sup> Sien die nuutste artikel daarvoor in die Beeld van 2 Junie 2009, "Ja, die waarheid word afgewater".

Maar, laat ek my bespreking met 'n persoonlike verhaal begin. Lank, lank gelede ... om presies te wees, 12 jaar gelede, was ek 'n verkoopsman in die Lux Verbi boekwinkel van Hatfield, Pretoria. Daar het ek by 'n geleentheid of twee vir prof. König ontmoet, en jong yweraar wat ek was, het ek hom al 'oor-afkapende' benader oor sy afdwalinge aangaande die doop, wat daardie tyd begin bekend word het. Nodeloos om te sê, die geagte professor, wat seker nie die insident of twee sou onthou nie, het my met die nodige takt en deernis behandel, en my met sy vriendelike gesindheid en diep teologiese kennis 'ontwapen'.<sup>2</sup> Maar ten minste ook nou nie so dat ek toe of daarna met hom saamgestem het oor die doopsake nie. Ek noem dit, omdat volgens die kerklike pers proff. Vos en Human (beide van die NG Teologiese Fakulteit in Pretoria) in reaksie op König se DES boek, hom baie skerp persoonlik aangeval het en hul selfs König se teologiese kennis bevraagteken het ! Dus, as König iemand omgekrap het, dan moet jy weet hier is inderdaad IETS op die spel, iets om aan aandag te gee. Die sake kan nie sommer net bloot ge-ignoreer word omdat dit nie deel is van jou 'kerkverband' of geloofstradisie nie.

beskikbaar by: [http://jv.news24.com/Beeld/In-Diepte/0,,3-67\\_2525307,00.html](http://jv.news24.com/Beeld/In-Diepte/0,,3-67_2525307,00.html)

<sup>2</sup> Dit is ongelukkig nie waar van alle teologiese professore nie. Ek het gehoor van 'n student wat eenkeer by 'n teologiese skool deur 'n professor amper hof toe gesleep is, oor sekere dinge wat die student glo geskryf het oor hom. 'n Mens kan amper nie glo dat so iets nog gebeur in vandag se tye nie.

Inteendeel, soos König in sy boeke noem, die gemeente-, kerkverbandelike- en kerklike tradisiegrense het al so vaag geword, stippelyne geword, dat die sake wat in DES aangespreek word, alle gelowiges raak, omdat die verskillende strominge wat König noem, sekerlik min of meer in alle kerkverbande loop. Hierdie bespreking gaan veral fokus op die boek DES, met sekere verwysings na die ander twee boeke, waar nodig, later in hierdie bespreking. Alle nommers tussen vierkantige hakies verwys na daardie betrokke boek se bladsyverwysing. Sien ook die voetnotas vir verdere 'socio-historiese agtergrond' aangaande hierdie onderwerp.

### 'n Oorsig van DES

In die inhoudsopgawe van die boek staan daar die woorde "Voorwoord – 'n Moet om te lees", en wanneer jy hoofstuk 1 begin lees wat handel oor "Die betroubaarheid van die Bybel", word jy weereens gewaarsku "Herinnering: Lees eers die voorwoord voordat jy met hierdie hoofstuk begin" [21]. As jy dus die voorwoord lees (en die slothoofstuk: "Die pad vorentoe"), kry 'n mens 'n goeie geheelbeeld van die boek se inhoud, en die doel waarom König die boek geskryf het. So, kom ons kyk daarna:

König mors nie tyd nie, en sommer in sy eerste sin, is die doel en 'n opsomming' van die boek:

*"In hierdie boek word 'n poging aangewend om 'n alternatief te ontwikkel op liberalisme en fundamentalisme."* [11].

König begin die hoofstuk deur te wys na die 'wonderlike tye' waarin ons lewe in die nuwe SA. Maar, hierdie optimisme hou omtrent so twee reëls, voordat die stormagtige tye hom terugbring na die werklikheid. Hy wys dan die positiewe en negatiewe aspekte van ons land se politieke, sosiale en kerklike omstandighede uit, waarvan ek net enkeles noem [11,12]:

Polities positief: ons is nie meer die (apartheids)muishonde van die wêreld nie.<sup>3</sup>

Polities negatief: die korrupsie en omgekeerde diskriminasie in ons samelewing.

<sup>3</sup> ... maar ons is wel nou een van die *aborsie*-muishonde van die wêreld, sedert aborsie op aanvraag goedgekeur is in die Nuwe SA in 1997.  
*Pro Regno*

Sosiaal positief: ons het nou 'n 'heerlike oop samelewing' waar mense wat uitgesluit was nou ingesluit word.<sup>4</sup>

Sosiaal negatief: alles verander nou, en sekere ander groepe word nou weer uitgesluit.<sup>5</sup>

Kerklik positief: ons word bevry van sekere 'vaste kerklike strukture' en is nou meer vry om 'innoverend' te kan dink en optree.

Kerklik negatief: dat "die allervreemdste oortuigings oor die Bybel en die evangelie deur leiersfigure op sentrale plekke in ons kerklike lewe verkondig word, wat skynbaar 'n vrye hand het om onophoudelik daarmee voort te gaan."

Laasgenoemde situasie is dan die rede wat König gemotiveer het om hierdie boek te skryf, omdat dit veral die 'positiewe aspekte' van ons samelewing radikaal begin aantast. Hy meen hierdie is nie sommer 'n klein stormpie in 'n glas water nie, maar dat hierdie storm juis die 'hart van die evangelie' aantast [13].

Daar is volgens hom twee lyste teoloë wat hierdie storm veroorsaak. Diegene *binne* die kerklike strukture wat sake soos die gesag van die Bybel, maagdelike geboorte, die wonderwerke, die liggaamlike opstanding, ens., aantast.

Dan, is daar die teoloë *buite* die kerklike strukture, die 'Nuwe Hervormers' wat nog verder gaan en die uniekheid van Jesus, die bestaan van 'n persoonlike God, die kruisoffer se betekenis, die historiese betroubaarheid van die Bybel, die geesteswêreld, ens., bevraagteken.

### Waar kom hierdie krisis en storm vandaan ?

*Eerstens* van die Aufklärung, die Verligting van die 17de en 18de eeu waar die mens begin glo het dat deur sy verstand, los van enige gesag van buite, kan hy alles verklaar (Descartes: ek dink, daarom is ek). *Tweedens*, die natuurwetenskaplike ontdekkings onder leiding van Kopernikus, Galilei en Newton het daartoe gelei dat ou vasstaande waarhede en sekerhede

<sup>4</sup> König verwys hier nie na die wetsgehoorsame landsburgers wat hulself agter slot en grendel elke dag moet 'insluit' teen die misdadigers nie, inteendeel, dit is 'n loflied vir alternatiewe lewenstyle om uit die klerekas te klim [WWV, 85-98].

<sup>5</sup> Gereformeerdes ? Fundamentaliste ?

van die verlede bevraagteken is. *Derdens*, is die mens ook bevry van politieke gesag deur die Franse Rewolusie.<sup>6</sup> Die (her)geboorte van die humanistiese mens wat homself ontdek het, waar die mens en sy rede sentraal staan, het daarom ook daartoe gelei dat die Bybel meer en meer histories bestudeer en bevraagteken is, en daar veral gewys is op die “opvallende teenstrydighede in die Bybel” [14], o.a. dat Moses nie die skrywer kan wees van die Pentateug nie, en dat die verskillende Evangelies mekaar weerspreek oor sekere sake.

König erken self dat daar ‘opvallende verskille’ en probleme is met die Bybel, wat nie meer weggeredeneer kan word nie, en wat beantwoord moet word.

### Die groot vraag is: Hoe ?

König, wat soos ons almal, nie anders kan as om met ‘etikette’ of groeperinge te werk om ‘n saak te verduidelik nie, wys op drie antwoorde op die kritiek wat teen die Bybel, en ons Christelike geloof oor die algemeen, ingebring word [16-19]:

1. Die liberalisme (L)
2. Die fundamentalisme (F)
3. Die alternatief: ‘n verantwoordelike kritiek (VK)

Hierdie gedeelte is na my mening die ‘hart’ van König se boek, en as ‘n mens hom hier reg verstaan, dan behoort ‘n mens te verstaan waar hy vandaan kom en waarheen hy oppad is (“Die pad vorentoe”, hfst.11).

Aangesien hierdie dus die basiese paradigma is waarmee König die ‘probleme aangaande die Bybel’ (en by implikasie die Christelike geloof) aanspreek, asook die toekoms wil aanpak wat die storms in SA teologiese kringe betref, gaan ek hom hier volledig aanhaal. Lees asb deeglik sy definisies van hierdie drie strominge aangaande die Bybel en ons Christelike geloof [16,17]:<sup>7</sup>

#### Liberalisme

Ons moet eers na liberalisme kyk omdat fundamentalisme ‘n reaksie op liberalisme is. Liberalisme is ‘n baie breë term wat redelik groot verskille in Skrifbeskouing en Skrifuitleg insluit. Daar is radikale vorms en sagter vorms. Maar hulle het die gemeenskaplike eienskap *dat hulle nie*

*uitgaan van die basiese betroubaarheid van die Bybel nie, maar self besluit wat in die Bybel aanvaarbaar is en wat nie. Die maatstawwe wat hulle gebruik om te besluit wat hulle aanvaar, is willekeurig en onkontroleerbaar. Daarom teken byna elke liberalis uiteindelik ‘n eie prentjie van wie Jesus dan nou “regtig” sou wees. Albert Schweitzer het byna ‘n eeu gelede geskryf dat die meeste van hierdie teoloë maar eintlik ‘n prentjie van hulleself teken. In Hoofstuk 3 word ‘n paar van hierdie prentjies ontleed.*

#### Fundamentalisme

Fundamentalisme is deur en deur ‘n reaksieverskynsel wat nooit sonder liberalisme sou ontwikkel het nie. Dit is net so radikaal soos liberalisme, maar lê net aan die teenoorgestelde kant. Dit erken geen probleme in die Bybel nie. *Dit beskou die Bybel nie net as betroubaar nie, maar as onfeilbaar en letterlik foutloos. Omdat die Bybel die Woord van God is en God sonder foute is, aanvaar hulle dat ook sy Woord sonder foute moet wees. Dit beteken dat hulle alles in die Bybel wat positief bedoel is as volkome gesaghebbend aanvaar, selfs ten opsigte van aardrykskundige of historiese gegewens. Waar daar dan opvallende probleme is, aanvaar hulle of dat dit nie in die oorspronklike dokumente so was nie, maar deur latere oorskryffoute veroorsaak is, óf dat hulle nog net nie die oplossing het nie en “nog verdere navorsing moet doen”.*<sup>8</sup>

#### Verantwoordelike kritiek

*Verantwoordelike kritiek gaan uit van die belydenis dat die Bybel God se Woord en daarom betroubaar is, maar neem ook die probleme in die Bybel ernstig op. Hierdie probleme word ondersoek sonder die beklemming dat alles verklaar en opgelos moet word omdat die Bybel onfeilbaar sou wees. Die probleme en veral die aard van die probleme help ‘n mens dan om te verduidelik wat jy bedoel met jou belydenis dat die Bybel betroubaar is.*

<sup>6</sup> Met die slagspreuk van: *Vryheid, gelykheid en broederskap !*

<sup>7</sup> Kursief bygevoeg.  
*Pro Regno*

<sup>8</sup> In die ‘goeie ou dae’ sou hierdie bekend gestaan het as die bybelse gereformeerde oortuiging deur die grammaties-historiese skrifverklaringsmetode, soos bely in NGB artikels 2-7.

*Dit is hierdie standpunt wat in hierdie boek aangebied word as alternatief op fundamentalisme en liberalisme. Daar word veel meer aandag gegee aan liberalisme as aan fundamentalisme. Dit is nie omdat fundamentalisme nie ook onhoudbaar en selfs gevaarlik is nie, maar omdat dit op hierdie oomblik nie die groot probleem in ons godsdienstige lewe is nie. Dit is juis liberalisme wat tans die evangelie bedreig. Sodra mense nie meer uitgaan van die belydenis dat die Bybel betroubaar is nie, kom die hele evangelie uiteindelik op die spel. *Geloofsoortuigings wat in die Bybel sentraal staan en wesenlik is*, word eenvoudig oorboord gegooi, soos die bedreiging deur bese magte, die versoening deur die kruis van Christus, die liggaamlike opstanding van Christus, en die unieke betekenis van Christus as Verlosser van die wêreld. Dit is juis hierdie vreemde sienings wat op die oomblik verwarring en verlamming in die kerk veroorsaak.*

König erken dat hierdie sy eie driedelige indeling is, en dit kan ook nie anders nie, 'n mens moet 'tattoos' uithaal as jy probeer sin maak van die 'geloofsdoolhof' in vandag se kerke. Hy meen verder daar is 'harder' en 'sagter' vorme van liberalisme:

- die 'Nuwe Hervorming' as navolgers van die 'Jesus Seminar', met prof Piet Craffert (NT, Unisa) en prof. Andries van Aarde as verteenwoordigers daarvan. Hierdie mense soek alleen 'n etiese Jesus (as goeie voorbeeld), nie die heilshistoriese Jesus (waarlik mens en waarlik God) nie.

- verteenwoordigend van die 'sagter' liberalisme, wat ons binne die kerkstrukture kry, is dr. Ben du Toit, prof. Julian Muller en prof Danie Veldsman, almal van die NG Kerk. Hier mense "wek die grootste onsteltenis omdat hulle skynbaar 'n vrye hand het om enige deel van die kerk se belydenis te ontken en sentrale leerstukke, wat al eeue lank deel van ons belydenis, opsy te skuif." [18]

König meen die pad van VK en nie die L of F moet geloop word. In die res van die boek behandel hy dan die detail waarom, volgens hom, die probleme van F en L, alleen deur VK opgelos word, en hy doen dit in die volgende hoofstukke:

Hfst 1: Die betroubaarheid van die Bybel (Fundamentalisme, radikale kritici, die historiese betroubaarheid van die Evangelies)  
 Hfst 2: Wie was Jesus ? (volgens die NT)  
 Hfst 3: Wie was Jesus regtig ? (Nuwe Hervorming: Van Aarde, Craffert, Crossan)  
 Hfst 4: Die kruis en die opstanding in die Nuwe Testament  
 Hfst 5: Die ryk betekenis van die kruis  
 Hfst 6: Die ryk betekenis van die opstanding  
 Hfst 7: Die begin: kruisevangelie, of opstandingsevangelie ?  
 Hfst 8: Gesprek oor die Bybel (Ben du Toit)  
 Hfst 9: Gesprek oor die opstanding en leë graf (Julian Muller en Dirk Human)  
 Hfst 10: Gesprek oor wêreldbeelde  
 Hfst 11: Die pad vorentoe

### **Die pad vorentoe**

In die laaste hoofstuk (hfst.11), voltooi König die sirkel wat hy in die voorwoord begin het, en eindig weer met 'n woord oor elk van die strominge: L, F en VK.

König is van mening dat met die opkoms van die 'Nuwe Hervorming' in ons land, dit nie meer genoegsaam is om "net weer die tradisionele tekste ... waarin die Bybel self getuig dat dit deur God geïnspireer is en dat die profete deur die Gees voortgedryf is" aan te haal nie, want "intussen word dit duidelik dat die Bybel self in sy boodskap inkonsekwent en vol innerlike teenstrydighede is" [295].

En tog, skryf König, glo hy nogsteeds aan die 'historiese geloofwaardigheid van die geskryfte van die Nuwe Testament" [300].

In sy laaste hoofstuk skryf hy dat die F altyd 'n toekoms sal hê, selfs 'radikaal-konserwatiewe vorms' soos die 'Young Earth'-teorie oor die skepping. Hy erken wel dat die F 'onskuldiger' is as die L omdat dit nog vashou aan die kerklike belydenis en die groot geloofswaarhede. Die F is 'n sterk sendingkrag in vandag se wêreld.

Wat die L betref: alhoewel die radikaler vorm (Nuwe Hervorming) daar sal wees, is hul 'n minderheid wat buite die kerke beweeg en dus nie so groot bedreiging is as die 'sagter' L nie, wat König as dié groot gevaar sien. Hierdie groep tas binne die kerk die basiese geloofswaarhede aan, en is ongelukkig hier om te bly.

In sy laaste hoofstuk noem König ook van nog 'n stroom, wat eintlik onder die F val, en dit is 'Vernuwing', in die lyn van Andrew Murray en pinksterbewegings, binne die NG kerk. Hy erken dat die oud NG Kerk en oud predikante was maar eintlik nog altyd fundamentalisties van aard, selfs baie vandag.

En daar waar die L inkom in 'n NG Kerk, beweeg die fundamentaliste uit na 'n buurgemeente wat F is. L het nie 'n toekoms in die kerk nie, dit is hoofsaaklik 10 persent mense wat dit konsekwent aanhang.

König skryf dan die volgende (baie) belangrike paragrawe vir die beoordeling van sy boek [304, 305]:

*"En hoe radikaler die liberalisme in die gemeente word, hoe leër gaan die gemeente se kerkbanke word, en hoe voller die omringende gemeentes se eredienste."*

*"Liberalisme sal homself in die kerk uitwoed. Dit sal sekere gemeentes verlam, en juis op dié manier behoudende gemeentes versterk. Maar dit sal ongelukkig verantwoordelike kritiese omgang met die Skrif nog verder bemoelilik. Min lidmate is teologies so fyn opgevoed dat hulle kan onderskei tussen liberale verwringing van die Bybel en verantwoordelike kritiese hantering van die werklike probleme van die Bybel."*

König sluit dan sy boek af met dit wat hy glo die antwoord is: verantwoordelike kritiek. Dit sluit teoloë en predikante in soos David Bosch, Jasper Burden, Jaap Durand, Dirkie Smit, Willem Nicol, Flip Theron, ens.

Hierdie beweging kom ook glo al dekades (1960's), veral in hul stryd teen die 'apartheidsideologie'. Meeste van die beweging kom uit 'n fundamentalistiese agtergrond en het deur "blootstelling aan die Europese teologie ruimte ontwikkel vir 'n kritiese kyk op die Bybel" [305]. Hierdie teoloë het ook die 'historiese kritiek' aanvaar sonder om dit heeltemal slaafs na te volg en het hul sonder uitsondering gedistansieër van beide L en F.

*Pro Regno*

Hulle is ook baie krities teen die 'kerklike en teologiese tradisies' (belydenisskrifte?), en die wonderlikste ding wat in hul oë kon gebeur het, was dat die vrou nou in alle besonderse ampte kan dien en enige (gepaste?) lied gesing kan word in die eredienste, en dit dus nie meer 'voorgeskrif' word nie.

Hierdie VK beweging leer baie graag van ander vorme van teologie (bv. bevrydings- en feministiese teologie), maar handhaaf nog steeds 'n 'kritiese distansie' teenoor verskillende nuwe teologieë.

Hul probeer die 'probleme in die Bybel' hanteer in lyn met die "strominge in die Hollandse en Duitse teologie vanaf die 1950's tot in die 1980's (Barth en Berkhouwer?), maar het ook hul eie karakter ontwikkel.

Hierdie beweging is dankbaar vir die 'verskille oor die doop, nagmaal, kerkorde en die vorm van die erediens' wat weggeval het [309].

König sluit sy boek af met die volgende slotparagraaf [310]:

*Gereformeerdheid sal formeel op die agtergrond staan, al sal die basiese beginsels sterk bly staan: die fokus op Christus, op sy verlossingswerk, op verlossing net uit genade en net deur die geloof, op die gesag van die Bybel. Hierdie basiese geloofsoortuigings sal egter nie voortbestaan omdat hul gereformeerd is nie, maar omdat hulle algemeen Christelik is. En intussen sal verantwoordelike kritiese teologie voortgaan en verder ontwikkel om ons te help om rigting te kry en koers te hou sodat die evangelie van die verlossing deur Jesus Christus in totaal nuwe omstandighede mense steeds sal bereik en verander.*

Tot hier 'n kort oorsig van die boek DES.

### **'n Gereformeerde beoordeling van König se Verantwoordelike Kritiek (VK)**

Die doel van die bespreking van König se boeke is nie om die Liberale stroming, hetsy die 'harde' of 'sagte' vorm daarvan te bespreek en te kritiseer nie. König en ander teoloë en bekwame

*4 Junie 2009*

gelowiges soos Sarel van der Merwe het dit alreeds volledig en goed genoeg gedoen.<sup>9</sup>

Sien daarom veral König se boek DES, waar hy in gesprek gaan met die verskillende liberale teoloë.

***Die vraag wat ek na wil kyk, is of die VK die antwoord is op beide Liberalisme en sogenaamde Fundamentalisme ?***

Is die teologie van König die antwoord ? Moet gereformeerdes opgewonde raak oor die 'reformasie' wat König en ander VK teoloë voorstaan in die NGK ?

Kan gereformeerde gelowiges nou nog 'n nuwe gesang maak vir 'kerklike gebruik', nl. "watter vriend het ons in König ..." ?

Die antwoord is ongelukkig 'n baie duidelike NEE.

In sekere aspekte is dit selfs baie gevaarliker as die teologiese liberalisme, en sou oud gereformeerde NG teoloë sê die VK is liberalisme self, net minder 'hard' !

Dit is pragtig hoe König die basiese evangelie wil bewaar ... terwyl hy die tak waarop hy sit hoe langer hoe meer afsaag.

Dit is die mening van hierdie reserant dat König en die VK maar net in graad verskil met (ten minste) die 'sagte liberalisme' en nie van soort nie.

Die modernistiese en verligtingsbrille waardeur die VK teologie (eerder 'n vorm van sosiologie as 'n reaksionêre reaksie op die 'apartheidsideologie') beoefen, is maar min of meer dieselfde as die sagte liberalisme se brille, net minder 'donker'.

Hierbo het ons alreeds 'n paar aanduidings gegee waar König vandaan kom en waarheen hy oppad is:

Die Bybel is nie meer eers 'onfeilbaar' nie, dit is nou net 'betroubaar', d.w.s. tog vol probleme (wat hy definieer as 'foute en teenstrydige'). König se probleme met die 'liberaliste' is dat hul nou te ver gaan. Ja, dit is goed en wel om bv. die sesdae skepping te ontken en te verdraai om by

<sup>9</sup> Sien die DVD: "Nuwe Strominge in die Teologie – word die hart van die Evangelie uitgeruk?", beskikbaar by: 011 689 7603.  
*Pro Regno*

darwinistiese evolusionistiese standpunte aan te pas ... maar weë hulle as hul die 'evangelie' ook begin aantast.

Dit is nogal heel ironies dat sy kernkritiek teen die liberaliste ("...dat hulle nie uitgaan van die basiese betroubaarheid van die Bybel nie, maar self besluit wat in die Bybel aanvaarbaar is en wat nie. Die maatstawwe wat hulle gebruik om te besluit wat hulle aanvaar, is willekeurig en onkontroleerbaar" [16]), juis die grootste probleem is met sy eie beskouing, die VK, as hy enkele paragrawe later skryf: "Geloofsoortuigings wat in die Bybel sentraal staan en wesentlik is, word eenvoudig oorboord gegooi, soos die bedreiging deur bose magte, die versoening deur die kruis van Christus, die liggaamlike opstanding van Christus, en die unieke betekenis van Christus as Verlosser van die wêreld" [17].

Hoe bepaal hy wat 'sentraal en wesentlik' is van die Bybel en wat nie ?

Is sy lysie van 'wesentlike sake' nie maar ook *willekeurig en onkontroleerbaar*, soos in die geval van die L nie ?

Waar in die Bybel self staan dit dat die Bybel is betroubaar oor geloofsake (spesifiek oor 'die evangelies' en die sake wat hy hierbo noem) maar nie oor die historiese gebeure en ander aspekte van die Skrif, soos bv. die skepping nie ?

König, vermoedelik in die lyn die dualistiese inspirasieleer van Barth en Berkhouwer, meen alleen die 'boodskap' (skopus?) van die Bybel is geïnspireer, nie noodwendig elke woord van die Bybel nie.<sup>10</sup> Maar, soos in 'n vorige *Pro Regno* uitgawe (nr.2) genoem is, hoe kan 'n boodskap bestaan sonder spesifieke woorde ? Hoe kan ons onderskei tussen wat God se woord is, en wat mense se woord is, as net die boodskap geïnspireer is, en nie ook die woorde waaruit 'n boodskap bestaan nie ? Om König se eie woord

<sup>10</sup> Sien die volgende werk van 'n dopper-predikant wat hierdie saak deeglik behandel het: Buytendach, dr. F.W.: *Aspekte van die vorm-inhoud problematiek m.b.t. die organiese Skrifinspirasie in die Nuwre gereformeerde teologie in Nederland*. 1972. T. Bolland, Nederland. Boekbespreking deur prof. SJ van der Walt (Pretoria), *In die Skriflig*, Jg.7, nr.27, September 1973: 56-62. Laasgenoemde is beskikbaar by: <http://proregno.blogspot.com>

te gebruik: hoe kan die boodskap 'betroubaar' wees, as die woorde nie ook 'betroubaar' is nie ?

Die Skrif gee geen aanduidings eksplisiet of implisiet dat sy 'betroubaarheid' slegs beperk is tot die 'skopus' nie. Hoe gaan ons onderskei ? Waar gaan ons die lyn trek in 'n Bybelse feit soos bv. "dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte, en dat Hy aan Cefas verskyn het, daarna aan die twaalf" (1 Kor.15:4,5) Watter deel is betroubaar: slegs die 'skopus': dat Hy opgestaan het, of ook die 'geskiedkundige gegewens': die 'derde dag ... Cefas ... die twaalf'?

Of : <sup>5</sup> En hulle het vir hom gesê: Te *Betlehem in Judéa*, want so is daar deur die profeet geskrywe: <sup>6</sup> En jy, *Betlehem, land van Juda*, is volstrek nie die geringste onder die vorste van Juda nie, want uit jou sal 'n leidsman voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees." – Matt.2 (Miga 5:1).

Is slegs die feit dat Jesus (die Leidsman) gebore is in 'n dorp volgens die Skrif belangrik, of ook die historiese feit dat Hy –volgens die profesie van Miga- in *Betlehem* gebore moes word ? Is historiese en geografiese *betroubare* gegewens nie juis belangrik *ter wille* van die skopus van die Skrif nie ?

Insiggewend dat vir König, almal wat glo die Bybel is 'onfeilbaar', nou klassifiseer as 'fundamentaliste'. Dus, almal wat vashou aan die belydenis van Nederlandse Geloofsbelijdenis, spesifiek artikel 7, is fundamentaliste in sy oë:

Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps.69:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: "...*maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is*" (1Jo 4:1) en: "*As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...*" (2Jo 1:10).

Dit lyk my daar het al meer 'n verskuiwing plaasgevind in die kerke en die teologie, soos die tydsgees die siening van die Bybel al meer begin bepaal het:

- die Bybel is foutloos, onfeilbaar en betroubaar
- toe: die Bybel is onfeilbaar en betroubaar
- nou: die Bybel is betroubaar

Die boek van König se 'subopskrif' op die voorblad is 'Vind jou weg deur die huidige geloofsdoolhof'. Nou, as 'n mens begin lees oor al die teorieë en definisies van die aard van die Skrif, en sy inspirasie, en hoe terme soos 'onfeilbaarheid, foutloosheid, probleme, oneffenhede, verskille, foute, teenstrydighede, betroubaarheid', ens. ens gebruik word, dan is daardie subopskrif 'n 'understatement'.

Een se onfeilbaarheid is 'n ander se foutloosheid.

Een se foute is 'n ander se verskil.

Een se probleem is 'n ander se oplossing.

Een se fundamentalisme is 'n ander se gereformeerde wees.

En so kan 'n mens aangaan.

Een ding wat baie duidelik dogmaties by König vasstaan, is dat daar **moet** 'teenstrydighede en foute' in die Bybel wees, en basta met almal wat dit waag om moontlike antwoorde op moeilike gedeeltes in die Skrif te probeer gee ! As jy nederig biddend moontlike antwoorde soek en gee, dan word jy gebrandmerk as 'n F ...

### Probleme in die Skrif

My eie standpunt oor die 'probleme' in die Skrif is dat dit beter is om nederig-soekend te bely dat sekere dele vir ons moeilik is om te verstaan en te versoen (2 Petr.3:16) en dat sekere dele vir ons as sondaars selfs teenstrydig mag lyk, maar dit beteken nog nie dat dit 'n fout en teenstrydigheid is nie. Verskille is ook nie foute nie.<sup>11</sup> Deur die reformatoriese teologiese wetenskap en tekskritiek is die eerbare weg om biddend na verskillende verklarings-moontlikhede vir sulke tekste te kyk (Skrif met Skrif te vergelyk), sonder om daarmee te verval in 'n rasionalisme (dit is dalk juis die gevolg van rasionalisme wat foute en teenstrydighede daar sien wat dalk nie bestaan nie ... en te gou iets te wil kategoriseer as 'n 'fout' of 'weerspreking' ?)

Dit is baie ooreenvoudig, maar König sien die saak so aangaande die Bybel:

<sup>11</sup> Buytendach skryf: "Daar is wel 'cruxes' in die Skrif (Bavinck, p.413) d.w.s. onduidelikhede – maar nie teenstrydighede of foute nie -, omdat dit die *Theópneuste Graphè* is wat ons nooit in alles sal kan begryp nie. M.b.t. die onduidelikhede moet ons biddend en werkend duidelikheid soek vanuit die duidelike Sentrum (Christus) van die Skrifstruktuur." *In die Skriflig*, Jg.5, nr.19, Sept. 1971, p.14 (voetnota 12).

1. die L sien te veel probleme in die Bybel raak
2. die F sien te min probleme in die Bybel raak
3. die VK sien net genoeg probleme in die Bybel raak

*[Vir meer oor 'n gereformeerde bybelse verklaring vir al die verskille en probleme in die Bybel, sien die boek van dr. Willie Marais wat hieronder vermeld word (p.15) en waarvan ek die voorwoord ook geplaas het.]*

Soos hierbo genoem, sou König se VK nie bestaan het as dit nie vir die 'apartheidsideologie' was nie ("Aanvanklik het dit veral teen die apartheidsideologie ontwikkel" [305]). Dit het met die koms van die verligtingsteologie via die 'hoër kritiek' (Deist se koms by Unisa) die teologiese fondament geword waardeur die destydse samelewing afgetakel sou word, sodat dit plek sou maak vir die 'nuwe SA'.

En nou is hierdie nuwe kind, **wat König en sy mede- VK teoloë help baar het**, besig om in 'n monster te verander, nie net op samelewingsvlak met al die 'moord en korrupsie' via die demokratiese menseregte-bedeling nie, maar soos König reg in die begin van sy boek genoem het:

dat "die allervreemdste oortuigings oor die Bybel en die evangelie deur leiersfigure op sentrale plekke in ons kerklike lewe verkondig word, wat skynbaar 'n vrye hand het om onophoudelik daarmee voort te gaan."

Ja, die verligtingsteologie en lewensbeskouing is nou besig om vrug te dra, en König is bekommerd dat sekere kinders van Deist dit nou te ver vat, die rokke word nou te kort, d.w.s. hul word epistemologies<sup>12</sup> te selfbewus:

*As Genesis 1 deel was van 'n antieke mitologiese wêreldbeeld ... **waarom** ook nie Matteus 27 en 28 nie ?*

*As die eerste Adam mitologies is, **hoekom** nie ook die 'goddelike aspekte' van Jesus van Nasaret en sy maagdelike geboorte, opstanding en hemelvaart nie ?*

Soos 'n predikant eenmaal gesê het: skeur die eerste bladsye van die Bybel uit (Genesis), dan val die laaste bladsye ook uit (NT).

En König wil ons bewaar van die gevolge van die 'harde' en 'sagte' liberalisme wat volgens hom 'vrye hand' het om die "hart van die evangelie" aan te tas, met die gevolg dat dit gemeentes sal 'verlam' en "hoe radikaler die liberalisme in 'n gemeente word, hoe leër gaan die gemeente se kerkbanke word ..." [304].

Maar, terwyl ons moet weghardloop vir die wolf, beland ons nie dalk in jakkals se kake nie ?

Kom ons kyk watter kerklike lewe en samelewing die VK vir ons beplan (Soos Jesus sê: "aan hul vrugte sal jy hulle ken", Matt.7:20), of reeds gebaar het, vandat hul die 'bose apartheid' oorwin het:

König se eties-morele boek ***Wat is reg ? Weet iemand dalk ?*** (WWV) help ons hiermee. In die boek gee König 'n uiteensetting van sy standpunte oor verskillende sake, waarvan ek net vyf vermeld:

### **i. Geslagtelikheid**

König is reg as hy aanwys dat "manlike oorheersing nie deel van die boodskap van die Bybel is nie" [24], menende God se bevelswil nie, maar dan gooi hy ook sommer daarby in dat vrouelike onderdanigheid nie die wil van God is nie: "dit was eenvoudig deel van die samelewing". Verse soos 1 Kor.14:34-35, 1 Tim.2:8-15, Kol.3:18,19, 1 Petr.3:1-7 is:

"duidelike voorbeelde van manlike oorheersing oor die vrou ... Dit blyk duidelik dat ons in hierdie tekste met 'n situasie te doen het waarin ons ons nie **vandag** meer kan herken nie. ... ons moet eenvoudig aanvaar dat die model van die onderdanige vrou (in hierdie verse) 'n deel van die kultuur van daardie tyd was, wat nie meer **vir ons** gesag het nie ... "Die Bybel is deur en deur vanuit 'n manlike perspektief geskryf. Vroue kom omtrent altyd tweede ... In die Nuwe Testament verander dinge ook nie veel nie. Jesus en sy dissipels was mans; en so ook die

<sup>12</sup> Die kenleer: hoe en wat ons ken.  
Pro Regno



skrywers van die Nuwe Testament” [38-40]<sup>13</sup>

In sy ander boek, **Radikaal Anders soos Jesus** (RAJ), skryf hy dat die Bybel ‘seksisties’ is, en dit “bly ’n klipharde feit dat vroue nie die normale menseregte in die Bybel gehad het nie ...” [101]

König se konklusie: “... onderdanigheid van die vrou (is) nie deel van die Bybel se boodskap nie, maar van die kultuur waarin dit ontstaan het.” [WWV, 41]

Dit beteken dat vandag met die opkoms van vroueregte, vrouens ‘dieselfde geleentheid’ as mans moet kry, wat dus ook beteken dat hul ook in al die besondere ampte moet dien in die kerke.

König werk dus met die ‘socio-historiese’ skrifverklaringsmetode. Verstaan die samelewing van destyds, dan verstaan jy eintlik hoekom Paulus geskryf het wat hy geskryf het, dus 1 Tim.2:10,11 was kultuurgebonde.

Hoe kom hy by hierdie *insig*-gese uit ?

In RAJ beweeg hy in die rigting van die androgene teologie, wat die manlikheid van die Bybel wil regstel, deur ook na God as moeder te verwys:

“Ons kan inderdaad ook aan God as ’n moeder dink” [103]<sup>14</sup>

Die gereformeerde geloof glo nog altyd dat daar vrouelike aspekte is om sekere optredes van God die Vader te beskryf (Dt.32:18; Jes.49:15; Ps.131:2; Jes.66:13; Hos.11:3,4), maar dit beteken nie dat ons aan God moet dink as ’n vrou of moeder nie. Ja, God is nie ’n man nie, maar Jesus is ’n Man en God het Hom wel geslagtelik geopenbaar as ‘God, die Vader’, soos ons bely in die Apostoliese Geloofsbelydenis (“Ek glo in God die Vader ...”), soos verduidelik in die HK:

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat

hy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees ?

Antwoord: **Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het** dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

Verder, moet ons König se ‘socio-maatskaplike’ metode op homself toepas: sy jarelange kollega by Unisa, (dalk selfs die kantoor langs syne, of selfs in dieselfde kantoor?) was niemand anders as me. Feminis, prof. Christina Landman.

König is ’n groter slagoffer van sy tye en omstandighede, as wat hy beweer die mans Jesus en die apostels was in hul tyd ! Inteendeel, uit sy feministiese skrywes blyk dit duidelik dat hy nie die broek gedra het by Unisa nie.

En vandag, is König maar net soos die –ismes wat hy aankla (liberalisme en fundamentalisme), ’n (groot) slagoffer van sy feministiese vroueregte tyd, en daarom kom sy feministiese teorie en ideologie nie uit die versigtige bestudering van die Skrif oor die man en vrou se rol nie, maar is hy besig om sy ‘socio-maatskaplike’ tye en omstandighede terug in die Skrif in te lees, dus *eisegese*, nie *eksegese* nie.

Dit is König se VK-teologie, en nie die Skrif nie, wat sy geslagsverdraaiing bepaal [DES, 23,24].

## ii. Egskeiding en hertrou

König erken dat die Bybel die onverbreekbaarheid van die huwelik leer, hy besef ons laat egskeidings te maklik toe, en dat hertrou moelikheid soek is ... maar (ja, julle is reg) ... MAAR (die sleutelwoord in enige etiekboek) “’n huwelik word egter *in die praktyk* deur sekere sondes verbreek (eg-*breuk*), en dan moet ’n mens eenvoudig die werklikheid in die oë kyk. ” [60]

Die Woord se werklikheid leer egter dat alleen op grond van hoerery ’n egskeiding mag plaasvind (Matt.19:1-9), dat die huwelik alleen ontbind word deur die dood (Rom.7:1-3; 1 Kor.7:39), en dat iemand daarom alleen weer kan hertrou as sy huweliksmaat dood is, of as hy versoen met sy vrou wat hy geskei het (1 Kor.7:10,11).

## iii. Aborsie

König meen: “Mense het reg op menswaardige behandeling en ’n menswaardige lewe. Dit het

<sup>13</sup> Beklemtonings bygevoeg.

<sup>14</sup> Die gereformeerde geloof glo nog altyd dat daar vrouelike aspekte is om sekere optredes van God die Vader te beskryf, maar dit beteken nie dat ons aan God moet dink as ‘moeder’ nie.

*Pro Regno*

implikasies vir die pro-lewe standpunt. Pro-lewe lê waarskynlik te eensydige klem op die reg van die fetus (die 'ongebore baba'), op lewe as sodanig. Moet 'n mens nie eerder sê die potensiële mens het reg op 'n menswaardige lewe nie? En as daar alle aanduidings bestaan dat die baba geen kans op só 'n lewe het nie, verander die saak tog ingrypend. ... Besef ons watter verskriklike ding die samelewing toelaat as ons babas gebore laat word – waarskynlike duisende per jaar – wat geen kans het op 'n menswaardige lewe nie ... In die lig van al die kante van die saak waarna ons nou gekyk het, lyk dit vir my dat 'n mens 'n saak daarvoor kan uitmaak dat 'n samelewing – en daarom 'n regering – die aller grootste verantwoordelikheid het om toe te sien dat daar so min moontlik kinders in die wêreld kom vir wie daar geen kans op 'n menswaardige lewe is nie, en wat die kans van die ander mense nog verder gaan bedreig. Is dít nie ten diepste 'n volwaardige 'pro lewe-standpunt' nie – wanneer nie net blote lewe nie, maar menswaardige lewe beskerm word? Moet ons nie in die lig hiervan eerder dankbaar wees dat ons wet op aborsie vir vroue die geleentheid bied om ongewenste swangerskappe te beëindig nie?" [77,80,82]

"Ander mense se kansen gaan bedreig"? Sal nie verbaas wees as een van König se voornames dalk 'Hitler' is nie! Omdat iemand 'ongewens' is kan ons hom maar vermoor? Die lidmate, veral die ouer lidmate in ouetehuse en die siek mense in hospitale, moet in groot vrees lewe in König se gemeente.

Ironies genoeg wil hy 'menswaardige' lewe bevorder deur mense (babas) op 'n 'menswaardige' wyse te ... vermoor? Watter uiterse dwaasheid! Sal nie verbaas wees as sy 'socio-historiese' omstandighede ('n familielid wat dalk buite die eg swanger geword het?) sy etiek van moord hier ook bepaal het nie.

Hier volg König in die spoor van ander valse profete en 'moordenaarskinde(rs)' (sien 2 Kon.6:32) wat aborsie-wetgewing goedkeur en aanbeveel, wat kinders in die baarmoeders gruwelik en bloeddorstig laat vermoor, meestal om ons modernistiese menseregte begeertes, welluste en giere te bevredig (Jak.4:1-4).

#### iv. Homoseksualiteit

Na alles wat ons hierbo gelees het, is ons nie verbaas om te hoor uit König se VK teologie, dat hy glo dat mense homoseksueel 'gebore' word.

*Pro Regno*

Romeine 1 se veroordeling van homoseksualisme (v.26,27), volgens König was teen die destydse situasie van 'ongelowige' homoseksualiste wat die 'waarheid verruil het vir die leuen' (en), gorrel König voort:

"Dit bring ons by die basiese verskil met vandag. Dit is duidelik dat Paulus hier 'n besondere groep mense in die oog het wat onder 'n besondere oordeel van God geleef het, én verder het hy nie die moontlikheid oorweeg dat homoseksuele mense gelowiges kan wees nie. ... Dit bring ons by die basiese vraag: Is moord en diefstal nie van 'n *ander aard* as homoseksualiteit nie? Moord en diefstal benadeel ander mense. Dit rand hul menslikheid aan. Maar ons kan dit nie van die verantwoordelike uitlewing van homoseksualiteit sê nie. Twee mense kan homoseksueel in 'n vaste liefdesverhouding leef. As hulle getrou aan mekaar is, bied hul tog aan mekaar dieselfde geborgenheid as twee heteroseksuele mense, of hoe?"

Hier hoor ons die verleier se stem baie duidelik. Is dit ook so dat God gesê het: "En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; *man en vrou* het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: *Wees vrugbaar ...*" (Gen.1:27,28)

Teenoor hierdie leuens van König, leer die Skrif:

<sup>9</sup> *Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie?*

<sup>10</sup> *Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodediensars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. <sup>11</sup> **En dit was sommige van julle**; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.*

En wat nou as gemeentes verskil oor homoseksuele ampsdraers? Maklik, sê König, laat elke gemeente self besluit, of hul dit beskou as sonde of nie, en dan daarvolgens elkeen 'n besluit neem.

## v. Skepping en evolusie

König verwerp dit dat God uit 'niks' alles geskape het in ses dae, deur sy Woord, soos die Bybel leer in Genesis 1, Ex.20:11 en Ps.33:6, en soos ons bely in Heidelbergese Kategismus:

Vraag 26: Wat glo jy as jy sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde?  
Antwoord: Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, **uit niks geskep het** en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer, ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is.

Die skeppingsgebeure is vir König deel van die 'kultuur en algemene oortuigings' van die mitologiese wêreldbeeld van die Israeliete, en nie deel van die 'boodskap' van die Bybel nie.

Tot hier enkele slegte vrugte van die die VK teologie boom.

### **Daar is geen toekoms vir König se VK teologie en samelewing nie, want die Evangelie is hier ook op die spel !**

In hierdie boek, WWV, is König ook baie besorg en verontrus oor die "Krimpemde Christendom" [348], soos hy bekommerd is oor die Liberalisme wat die kerkbanke gaan laat leegloop, asook die invloed van veral 'sagte' liberalisme op kerke en deur teologiese skole.

Maar, as 'n mens kyk na bogenoemde sake, dan is ons as gereformeerdes se besorgdheid juis dat die VK teologie van König deel van die probleem is, en nie die oplossing nie !

As jy dit kan regkry om aborsie en homoseksualisme te regverdig, selfs vanuit die Skrif (maar apartheid is totaal verkeerd, ironies genoeg), dan bevestig dit alles opnuut dat VK is, soos hierbo genoem, niks anders is as net nog 'n reaksionêre teologie en idee wat sy ontstaan en lewe kry uit samelewingstendense, en nie die Bybel en die Christelike geloof nie.

### **Die evangelie aan mede-sondaars soos homoseksuele persone en mense wat hul babas wil aborteer, is inderdaad op die spel !**

Nie net hulle wat die liggaamlike opstanding van Christus (en dus die evangelie) ontken nie, maar ook hulle wat die Skrif verdraai sodat mense in hul sondes bly, en hul bv. nie bekeer van hul homoseksuele gedagtes en leefwyses nie, is besig om die evangelie in sy *wese* aan te tas (Gal.5:13). Dit is, of dit so bedoel word of nie, 'n verwerping van die krag van Christus se bloed, dit leer mense dat hulle in hul "sonde (kan) voortbly, sodat die genade meer kan word" (Rom.6;1,2), en dat hul nie die sonde moet aflê en hoe langer hoe meer afsterwe nie (Rom.6 en 7).

König, die VK en die liberale standpunt wat hy kritiseer verwerp albei die evangelie wat 'n "krag is tot redding vir elkeen wat glo" (Rom.1:16), en 'n evangelie wat vrug dra, nie in volmaaktheid nie, maar in dankbaarheid hoe langer hoe meer. König verwerp die dodelike erns van 1 Kor.6:9,10 ... maar nog erger ... hy verwerp ook die soewereine goddelike genade in Jesus Christus, van die volgende vers, vers 11, "en dit *was* sommige van julle, maar julle het jul laat afwas, maar julle *is* geheilig, maar julle *is* geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van ons God."

Die ware Evangelie, is 'n evangelie van regverdiging wat nie anders kan as om heiligmaking tot gevolg te hê nie (sien HK, v/a 64).

Dit klink daarom meer asof König se hoogste gesag, besorgdheid en belang nie die bewaring van die suiwere evangelie is nie, maar eerder die handhawing van die goddelose SA Handves van Menseregte in ons huidige moderne demokraties feministiese samelewing is. Dit is nie suiwere teologie nie, maar eerder sosiologie wat sy lees van die Skrif bepaal.

Uit König se boek is dit duidelik dat hy afskeid geneem het van die 'beperkings' van die gereformeerde belydenis. Hy skryf :

"Ons dink vandag eenvoudig anders oor die Bybel as die Kerkhervormers, en ons het 'n magdom nuwe insigte in die Bybel en in die tyd en omstandighede rondom die Bybel gekry. Hierdie insigte maak ons gevoeliger vir probleme in verband met die Bybel self, en ook ten opsigte van ons

tradisionele geformuleerde belydenisse.”  
[DES, 19]

Weereens, wat was die oorsaak van König en die VK se ‘vernuwing’ in die teologie en hoe hul na die Skrif, die Christelike geloof en die gereformeerde belydenis kyk? Nee, nie die Skrif self nie, maar hul ‘socio-historiese’ omstandighede, hulle het vir hul ‘n eie unieke ‘gemeente-teologie’ oftewel nuwe SA teologie ontwikkel, alles weereens op ‘n reaksionêre wyse:

“Die dekades lange stryd teen apartheid het ons as groep geleer om die Bybel in sy groot samehange te lees, om verbande te respekteer, en om erns te maak met wat regtig in die Bybel staan, en ons nie te verlaat op ‘die klank van die woorde’ nie. Dit het ons ook geleer om krities teenoor die kerklike en teologiese tradisies te staan. Dit het telkens geblyk dat diep gewortelde oortuigings hoegenaamd nie op vaste Bybelse fundamente gestaan het nie.”

Ten einde, wil König net ‘n “algemeen Christelik(e)” geloof oorhou, gestroop van die ‘engheid’ van die gereformeerde belydenis en geloof. Die ‘evangelie’ moet bewaar bly, maar die ‘verpakking’ kan maar gaan, wat die Bybel betref.

### **Die Gereformeerde Skrifbeskouing**

In König se boek, RAJ, wat dan juis gaan oor hoe ‘radikaal’ Jesus was, en ons as sy volgelinge moet wees, skryf hy ongelukkig niks van Jesus se ‘radikale’ Skrifbeskouing nie.

Ja, Jesus se ‘skrifbeskouing’ was radikaal ... *veral* as jy dit gaan meet aan die ‘liberalisme’ van sy tyd (veral die Sadduseërs) en die VK se ‘skrifbeskouing’ vandag.

*Eerstens*, Christus korrigeer nêrens of wys op ‘foute en teenstrydighede’ in die OT nie. Inteendeel, hy wys op die groot ‘fout’ van verkeerde skrifverklaring: die mens se sondige hart en onkunde. Hy het mense gekorrigeer, nie die Woord van God nie. Soos Totius ook op ‘n plek gesê het: die Bybel kritiseer ons, nie ons die Bybel nie.

*Tweedens*, Jesus het met groot gemak heelyd die Skrif gebruik met die woorde “Daar staan geskrywe” (Matt.4:1-11) ... “Het julle nie gelees *Pro Regno*

nie” (Matt.19:1-9), op ‘n ‘fundamentalistiese’ wyse, in König se oë.

*Derdens*, Jesus was besorg oor die ‘detail’, d.w.s. elke woord van die OT Bybel, en nie net die algemene ‘boodskap’ nie:

- “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie maar van *elke* woord wat deur die mond van God uitgaan” (Matt.4:4)

- “... nie een jota of tittel van die wet sal ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie ...” (Matt.5:18),

- en op ‘n ander plek wen hy ‘n ‘debat’ teen die ‘nuwe hervormers’ van sy tyd, deur na ‘n spesieke Griekse (beklemtoonde) werkwoordvorm<sup>15</sup> te verwys: “En wat die opstanding van die dode betref -- het julle nie die *woord* gelees wat tot julle deur God gespreek is nie: Ek *is* die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob? God is nie ‘n God van dooies nie, maar van lewendes.” (Matt.22:31,32).<sup>16</sup>

*Vierdens*, Christus het geglo aan die historisiteit van die gebeure in Genesis, bv.: skepping van Adam en Eva (Matt.19: 4,5); Kain en Abel (Luk.11:51); Noag (Luk.17:24-27); Sodom en Gomorra (Luk.17:29), ens.

*Vyfdens*, Christus het dan ook openlik die “Skrifkritici” van sy dag aangevat: “Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie” (Matt.22:29), en Paulus waarsku ons om te bly by die “die gesonde *woorde* van ons Here Jesus Christus en met die *leer* wat volgens die godsaligheid is” (1 Tim.6:3), wat daarop dui dat ‘woorde’ en ‘leer’ (boodskap?) belangrik is, of beter gestel: die ware leer/boodskap bestaan uit spesifieke woorde.

Teenoor König se verantwoordelike kritiese *liberale* teologie, meen ek ons moet maar bly op die beproefde pad van die bybelse christelike gereformeerde geloof en lewensbeskouing, soos

<sup>15</sup> “Wij menen op grond van het verband hier en in Exod. 3 op *eimi* (is) zekeren nadruk te mogen leggen, ook al ontbreekt een aequivalent in het Hebreeuws.” F.W. Grosheide, *Het Heilige Evangelie volgens Mattheus* (Kok, Kampen, 1954) p.336.

<sup>16</sup> Erkenning aan die volgende bron vir hierdie gedeelte oor Jesus se ‘skrifbeskouing’: M. Abendroth, *Jesus Christ: The Prince of preachers*, spesifiek hfst.2: *Jesus preached with a high view of Scripture* (Leominster: Day One Publications, 2008), p.34-49.

gevind word in die Heilige Skrif en bely word in die gereformeerde belydenis.

Die gereformeerde eksegeet en skrifverklaarder se Skrifbeskouing word saamgevat in die Nederlandse Geloofsbelijdenis, spesifiek artikels 2 tot 7:

- Artikel 2: God maak Hom "deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot saligheid van hulle wat aan Hom behoort."

- Artikel 3: God se Woord is nie deur die wil van 'n mens nie, maar deur die Heilige Gees aan ons geskenk. Ons noem hierdie geskifte 'heilige en Goddelike Skrif'

- Artikel 4: Die 66 boeke vorm die kanon wat in die OT en NT saamgevat word, "dit is die kanonieke boeke waarteen *niks* ingebring kan word nie."

- Artikel 5: Alleen hierdie boeke is heilig en kanoniek en ons 'glo sonder twyfel *alles* wat daarin vervat is' o.g.v. die interne getuigenis en die Gees wat dit in ons harte bevestig. (sien ook v/a 21, HK)

- Artikel 6: Die apokriewe boeke is nie deel van hierdie heilige en Goddelike Geskrif nie. Buitebybelse bronne, insluitende evolusionistiese teorieë, nabye oosterse studies, enige filosofieë, opgrawings, ens., "mag nie in die minste aan die gesag van die ... heilige boeke, afbreuk doen nie."

- Artikel 7: Die Woord van God is genoegsaam vir alles wat ons moet weet van ons verlossing asook hoe om God te dien, en daarom mag niks daarby gevoeg of weggeneem word nie, en moet geen geskifte van mense of vergaderings daarmee gelykgestel word nie.

Gereformeerde gelowiges verwerp die valse vorm vs inhoud, die valse dualistiese inspirasie leer van beide die Liberalisme én die VK teoloë, d.w.s. dat net die 'skopus van die Skrif', of net die 'boodskap van die Skrif' of net die 'evangelie' ge-inspireer is en alleen betroubaar is.

Die moderne teologie en Skrifbeskouing (waarbinne beide die Liberale én Verantwoordelike Kritiek teologie val) maak 'n valse skeiding en teenstelling tussen die 'vorm' en

'inhoud' van die Bybel, tussen die 'gedagte/sin' en die 'woorde' van die Bybel.<sup>17</sup>

Soos met bv. regsdocumente, is dit in die bestudering en verkondiging van die Bybel ook wesentlik van belang watter spesifieke woord(e) gebruik word. Die gevaar van die VK teoloë, is dat hulle meen "alleen die morele en geestelike leringe van die Bybel is geïnspireer". Dit beteken dat die historiese gebeure wat die morele en geestelike lering gee, nie noodwendig waar is nie, maar dit maak ook nie saak nie, want dit gaan oor die 'les' of 'boodskap' daaragter (ook 'n vorm van 'allegorie').

Dit begin gewoonlik met stellings soos "Dit gaan nie daaroor dat God in ses dae geskape het nie, maar slegs dat Hy dit wel geskape het" (wat ons duidelik hoor by Konig, WWV, p.164), of "dit gaan nie daaroor dat 'n slang gepraat het nie, maar die feit dat mense sondige keuses maak", ens.

Die uiteinde is Barth se dialektiese teologie waar die Bybel die Skrif 'word' deur die medium van die mens,<sup>18</sup> en Bultmann se ontmytologiserings 'teologie', wat eintlik antropologie is,<sup>19</sup> waar die boodskap uit die mites en verhale van die eerste eeu 'bevry' moet word, vir vandag se (post)moderne mens en samelewing. Van Bruggen antwoord hierdie tipe argument treffend in die volgende woorde: "It is not the biblical references to angels and miracles that are 'strange', but the unbelief of the modern scientific age which rejects them."<sup>20</sup>

Die Bybel self vereis dat *woorde* belangrik is vir die boodskap, en dat *al* die woorde van die Skrif belangrik en geïnspireer is:

"<sup>4</sup> Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van *elke* (*panti*: alle) woord wat deur die mond van God uitgaan." – Mat.4

"<sup>16</sup> Die *hele* (*pasa*) Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot

<sup>17</sup> Sien J. Van Bruggen se boek: *The Future of the Bible*. New York: Thomas Nelson, 1978: 99 ev.

<sup>18</sup> H.M. Conn, *Contemporary world theology. A layman's guidebook*. Phillipsburg, NJ, 1973: P&R.

<sup>19</sup> R.L. Reymond. *Jesus, Divine Messiah: The New and the Old Testament Witness*. Ross-shire: Mentor, 2003.

<sup>20</sup> *Ibid.*, 83.

onderwysing in die geregtigheid, <sup>17</sup> sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." – 2 Tim.3

Sien ook:

<sup>13</sup> Daarvan spreek ons ook, nie met *woorde* (logois) wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk." 1 Kor.2.

As Openbaring die gedagtes van God is, dan beteken dit dat elke woord van die Bybel (in die oorspronklike) geïnspireer is. In 2 Tim.3:16 is die Skrif, d.w.s. 'die woorde' in sy geheel die objek van inspirasie, en nie die skrywers daarvan nie. Die anderkant, naamlik dat die skrywers wat afgesonder is om die heilige woorde van God op te skryf, dat hul ook geïnspireer is, wanneer hul die woord van God neergeskryf het, kom tot uiting in 2 Petr.1:20,21:

<sup>20</sup> terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie;

<sup>21</sup> want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, *deur die Heilige Gees gedrywe*,<sup>21</sup> het die heilige mense van God gespreek." - 2 Petr.1

Die historiese korrektheid van die Bybel word ook veronderstel, soos die Nuwe Testament self getuig: Joh.1:1-3; Rom.5:12-19; Luk.11:51; 1 Petr.3:20, ens.

Herman Bavinck stel die inspirasie van die Bybel as volg in sy Dogmatiek:

"Onder die organiese inspirasie verstaan ons dat die Heilige Gees, nadat Hy die menslike bewussyn van die skrywers op allerhande maniere voorberei het deur geboorte, opvoeding, natuurlike gawes, nadenking, herinnering, ondersoek en lewensvorming, nou in, onder en by die spreke en op skrifstelling die gedagtes, woorde, taal en styl laat opkom het, wat die goddelike gedagtes op die beste wyse

vir mense van allerlei stand, rang en volk kon vertolk."<sup>22</sup>

Dit behels twee aspekte, naamlik organiese én verbale inspirasie.<sup>23</sup>

1. Organies: dit beteken dat die geheel (die hele boodskap), die totaliteit van die Skrif geïnspireer is (2 Tim.3:16,17; 1 Tess.2:13; Op.22:18,19; Matt.5:18; 24:35)

2. Verbaal: dit behels dat nie net die geheel nie, maar ook die dele, die spesifieke woorde geïnspireer is (Joh.6:63; Jer.1:7,9; 15:19; 26:2; 1 Kor.2:13,16; Matt.22:45; Joh.10:33-36; Gal.3:16; Hebr.1:5-9; Heb.2:6-8; ens. Hierdie teksgedeeltes wys daarop dat betekenis ook afhanklik is van spesifieke woorde of een woord). Soos Christus waaragtig God en mens is, maar sonder sonde, so is die Bybel Gods Woord, maar sonder gebrek. Wat die benaming betref, is die Bybel nie God se Woord en die mens se woord nie.

Nee, dit is en bly God se Woord alleen, deur mense geskryf. Netsoos wat 'n violis Mozart se 6de simfonie speel met die totaliteit van sy menswees, en tog bly dit Mozart se simfonie, netso het die menslike skrywers met hul hele menswees die Skrif geskryf, maar dit bly God se Woord.

Daar is nie twee outeurs met Mozart se simfonie nie, netso is daar nie twee outeurs by die Skrif nie. Die enigste Outeur is die HERE God, deur Sy Gees.

Nêrens word God se Woord ge-openbaar as "En die mensewoord het tot ... gekom" nie, nee, dit is altyd: "En God se Woord het tot ... gekom ..." (sien veral Paulus se aanhalings in Rom.9-11).

Die verbal-organiese Skrifbeskouing kom daarom pragtig tot uiting in die gereformeerde slagspreuk: *sola et tota Sarca Scriptura*.

### Konklusie

Saam met prof. Adrio Konig, is ons besorg oor die teologiese en kerklike verval, ook soos dit

<sup>21</sup> Praes, part, passief, wat daarop dui dat God die bepalende faktor is deur die Gees.

*Pro Regno*

<sup>22</sup> J.G. Feenstra, 1972. Leer en Lewe. Bloemfontein: Sacum Beperk, 17.

<sup>23</sup> R. Pache, 1969. The Inspiration and Authority of Scripture. Chicago: Moody Press.

veroorzaak word deur die liberale teologie, die harde en die sagte vorms daarvan.

Ons kan as gereformeerde gelowiges egter ook nie opgewonde raak oor sy 'alternatief' nie, die verantwoordelike kritiek teologie nie, **want ook deur hierdie teologie is die Evangelie inderdaad op die spel.**

Dit bou maar op dieselfde basis as die teologiese liberalisme, soos deur die verligtingsdenke en teologie gestuur word, met die 'hoër kritiek' metode as skêr om die Bybel uitmekaar te versnipper.

Die Verantwoordelike Kritiek beweging is 'n reaksionêre verligtings-ideologie, wat eindig in 'n onverantwoordelike onkritiese akkomodering van die humanistiese tydsgees, soos dit vandag tot uiting kom in die (post)moderne feministiese demokratiese menseregte bedeling in die Nuwe SA.

Dit blyk dat die VK teologie en teoloë ook al meer bande breek met die kofessionele wortels van ons gereformeerde geloof, al is dit net op 'n baie stadiger en meer subtieler trant, binne die kerklike strukture, as die liberalisme wat dit konsekwent volspoed doen.

Gereformeerde gelowiges sal daarom goed doen om hul eerder te vereenselwig met die VK teoloë se 'fundamentalistiese' voorvaders, soos bv. prof. EE van Rooyen,<sup>24</sup> wat in sy kommentaar op die Nederlandse Geloofsbelydenis, spesifiek oor artikel 5 (*Die Gesag van die Heilige Skrif*) skryf, waarmee ek afsluit:

Op die algehele geloofwaardigheid (van die Bybel) druk die Belydenis met hierdie woorde: „En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is, en dit nie juis omdat die Kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar in sonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is, en omdat hulle die bewys daarvan in hulleself het.”

... Die *omvang* van die geloofwaardigheid: dit geld die Bybel in sy geheel, en elke boek afsonderlik in al sy dele. Die

<sup>24</sup> Professor aan die NG Teologiese Skool, Stellenbosch, in die middel van die 20ste eeu. *Pro Regno*

geskiedverhale, die leerstellige uitsprake, die voorsegginge, die sedelesse, ens., is almal waaragtig en geloofwaardig.

Dit alles kan en moet ook sonder enige twyfel of onsekerheid deur die gereformeerde belyder aanvaar word. God almagtig is 'n God van waarheid. Sy Gees wat die Bybelboeke ingegee het, is 'n Gees van waarheid, en 'n Gees wat ook die Bybelskrywers in alle waarheid gelei het.

En daarom is die Bybelboeke dan ook van begin tot end geheel en al geloofwaardig. Die mense egter wat net die s.g. gedeeltelike ingewing van die Bybelboeke leer, dit wil sê dat net die godsdienstige en sedelike gedeeltes van die Bybel ingegee sou wees, kan nie hierdie vyfde artikel met 'n goeie gemoed onderteken nie. En as hulle dit tog doen, is hulle huigelaars. **Hulle hoort eintlik in 'n gereformeerde kerkverband nie tuis nie.**<sup>25</sup>

## Die Bybel in die Weegskaal – Kritiek teen die Bybel ontleed

Dr. Willie Marias<sup>26</sup>

Die Bybel is 'n boek wat vertel van God se bemoeienis met die mens, en nie van die mens se soektog na God nie. Daar staan geskrywe: “Daar is niemand wat God soek nie” (Rom 3:11). Van nature soek ons nie na God nie. Soos die eerste mensepaar vlug ons van God af weg. Ons is bang vir Hom. Ons maak allerhande verskonings om nie na sy feesmaal te kom nie (vgl Luk 14:15-24). Gelukkig soek God na ons.

Ons lees reeds in die derde hoofstuk van die Bybel: “Toe roep die Here God na die mens en sê vir hom: “Waar is jy?” (Gen 3:9). Hierdie feit word deur Jesus bevestig waar Hy gesê het: “Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was” (Luk 19:10).

Ons verstaan van die Skrif, hang alles af van ons benadering tot die Skrif; 'n induktiewe of deduktiewe benadering. Onder 'n **induktiewe** benadering word

<sup>25</sup> Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Stellenbosch: Pro Ecclesia, 1948, p.45,46. Beklemtoneering bygevoeg.

<sup>26</sup> Uitgegee deur die skrywer, Doornpoort, 2003. Dr. Willie Marais is emeritus predikant van die NGK. Die gedeelte wat hier geplaas word, is die voorwoord tot die boek, p.7-13.

die Bybel gesien as 'n boek wat opgemaak is uit geopenbaarde en nie-geopenbaarde stof wat deur mense opgeteken is. Die Bybel is dus soos enige ander boek 'n menslike boek, wat net soos enige ander boek beoordeel moet word. En omdat dit menslik is om te fouteer, is dit vanselfsprekend dat daar ook foute in die Bybel is; soos onder meer historiese, taalkundige en wetenskaplike foute.

Die **deduktiewe** benadering tot die Skrif gaan uit van die veronderstelling dat die autographa (die oorspronklike dokumente van die Skrif) a priori foutloos was, omdat die Bybelskrywers getuig dat die hele Skrif deur God ingegees is (2 Tim 3:16); dat die Skrif nie die woord van mense is nie, maar die woord van God (1 Tess 2:13; 1 Kor 2:13); dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie insig is nie, want deur die Heilige Gees gedrywe het die heilige mense van God geskrywe (2 Pet 1:20,21), sodat die hele inhoud van die Skrif die waarheid is (Ps 19:8,9; 119:160; Spr 30:5).

Die Skrif is dus nie 'n Goddelike en 'n menslike boek nie, maar is tegelyk Goddelik en menslik. Dit is op so 'n wyse deur God ingegees dat Hy die mens in staat gestel het om sy Woord foutloos neer te skrywe.

Ek kan dus met vrymoedigheid getuig dat ek in die Bybel glo omdat die Skrif sê: "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word" (1 Tim 4:9). Paulus het getuig en gesê: "...terwyl ek alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is" (Hand 24:14). Wat is dit anders as om te sê: Ek glo in die Bybel? Om te sê: ek glo in die Bybel, is eintlik niks anders as om saam met Paulus te sê: "En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het - soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek — glo ons ook, daarom spreek ons ook" (2 Kor 4:13; vgl Ps 116:10).

Dit geld natuurlik nie van die beskikbare Bybels nie, want die oorspronklike dokumente bestaan nie meer nie, en die beskikbare Bybels is afskrifte van die oorspronklike dokumente en vertalings van die afskrifte. In ons beskikbare Bybels kan daar dus wel foute, soos byvoorbeeld afskryffoute, vertaalfoute en selfs verstaanfoute voorkom. Daar moet 'n vierde punt bykom: Dit het uit navorsing vir ons duidelik geword dat daar dikwels met die grondteks van die Skrif getorring is. Dit is gedoen deur ketters wat die Bybel by hulle eie standpunte wou aanpas deur by te voeg, weg te laat of om te buig volgens eie goeddunke.

Dit is ook gedoen van ordodokse kant in 'n poging om sekere manuskripte te wysig in die vertroue dat dit hulle plig is om afskrifte te korrigeer dat dit so na as moontlik aan die oorspronklike moet kom. Hier is ook dikwels foute gemaak om dat hulle subjektiewe oordeel later verkeerd bewys is.

In hierdie boek van my sal sulke voorbeelde telkens aangedui word. Dit is natuurlik die teologie se taak om elke "fout" in die beskikbare Bybels op te spoor, aan te toon en alles in sy vermoë te doen om die Skrif so na as moontlik aan die oorspronklike dokumente te bring. Hierdie werkwyse veronderstel dat daar van die standpunt uitgegaan word dat die autographa (die oorspronklike grondteks) foutloos was. Dit noem ons tekstkritiek. Dit mag en moet gedoen word. Maar Skrifkritiek is uit die Bose, want God of sy Gees kan nie dwaal, lieg of foute maak nie.

Onder Skrifkritiek bedoel ek die hantering van die Skrif asof dit die produk van mense is, waardeur die Bybel as 'n openbaring, as meegedeelde kennis, deur diesulkes verwerp word. Of die Bybel word gesien as gedeeltelik menslik en gedeeltelik Goddelik. Dit beteken dat die Bybel nie as geheel die woord van God is nie, maar dat die woord van God in die Bybel is. Nee, die Bybel is tegelyk menslik en Goddelik. Die Bybel is menslik, want die mens skryf die Bybel (vgl Jes 8:1; Op 21:5), maar is ook tegelyk Goddelik, want die mens doen dit onder die aandrywing van die Heilige Gees (2 Pet 1:20,21). "The Bible is simultaneously the divine utterance of God and the product of man's effort" (Krabbendam). Daar staan geskrywe: "Die hele Skrif is deur God ingegees (*theopneustos*). Hierdie Griekse woord beteken: van God ingegees (God-breathed). "In 2 Timothy 3:16, 'inspired' represents the Greek adjective *theopneustos*, a word that means not, as the lexicons of Cremer and Bauer have said (and Barth after them), 'breathing out God' but, as Warfield proved long ago, 'breathed out by God.' All Scripture, therefore, is a product of His creative power, and so is an authentic disclosure of His mind and presentation of His message" (J.I. Packer). "This implies that Scripture is not a human product of what was 'breathed into' the human writers by God but rather a divine product 'breathed out' by God through the instrumentality of human authors" (Krabbendam).

Die Bybel is nie die verhaal van die mens se soektog na God nie, maar vertel ons van God se soektog na die mens en van al die planne wat die mens maak om van God afweg te kom (vgl Ps 14:1-4). Die Skrif het dus nie vanuit die hart van die mens of vanuit sy kultuurgebruik tot stand gekom nie, maar vanuit die hart van God, want daar staan geskrywe: "Geen profesie van die Skrif is ooit deur die wil van die mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Pet 1:21; vgl 1 Kor 2:10-16; 1 Tess 2:13).

Die Bybel bestaan grootliks uit openbaringe, geskiedenis, verhale, briewe, liedere, spreuke, gebede en profesieë. 'n Openbaring is byvoorbeeld



'n bonatuurlike gebeurtenis omdat dit nie van self uit ons waarneming van dinge voortvloei nie. Met ander woorde, dit is geen logiese gevolgtrekking wat uit ons kennis van die natuur kom nie. Dit is nie iets wat uit die hart of uit die verstand of uit die kultuur van die mens opkom nie, en dit bevat selfs kennis van dinge wat nie deur die verstand van die mens verstaan en dus verklaar kan word nie (vgl Dan 12:8,9; 1 Pet 1:10-12; Op 7:13,14).

Paulus skryf byvoorbeeld en sê: "Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus" (Gal 1:11,12; vgl 1 Kor 2:13).

Die openbaring in die Skrif kom dan ook tot ons as direkte getuigenis en nie as uitgewerkte bewysvoeringe nie. Sonder om aan te kondig wie en wat God is, word byvoorbeeld doodgewoon aangekondig: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape" (Gen 1:1; vgl Rorn 1:20; 2:14; Hand 14:17; 17:24,15).

Van die skepping van die hemel en van die aarde kan ons op geen natuurlike wyse kennis bekom nie, want niemand van ons was daar toe dit gebeur het nie. Wat dáár gebeur het, is in elk geval 'n wonderwerk wat nie deur ons verstand begryp of verklaar kan word nie. Die wetenskap word gewoonlik beskryf as die kennis van feite, verskynsels en wette, verkry deur opgeleide waarnemers en bewys deur herhaalde eksperimente en logiese beredenering.

Dit is dus duidelik dat daar geen wetenskap kan bestaan van die oorsprong van dinge soos byvoorbeeld die skepping van die heelal of die oorsprong van die lewe nie, want niemand was teenwoordig om dit waar te neem toe dit plaasgevind het nie. Die enigste kennis wat ons van hierdie dinge het, is meegedeelde kennis. Die Bybel is ook nie 'n wetenskaplike handboek nie, want dan sou die Bybel net soos al die handboeke van die wetenskap voortdurend herskryf moes word, want alle wetenskaplike navorsing bly voorlopig van aard. Wat vandag aanvaar word, word more, in die lig van nuwe kennis, weer verwerp. Tog praat die Bybel met gesag wanneer dit iets sê wat op die vakgebied van die wetenskap of van die geskiedenis lê. Dit doen die Bybel natuurlik nie in die natuurwetenskaplike taalgebruik nie, maar in die belewingstaal van die alledaagse toeskouer wat altyd waar bly.

Die Bybel is in Hebreeus, Aramees en Grieks met die hand geskrywe in opdrag van God (vgl Eks 17:14; Jes 8:1; Jer 30:2) deur mense wat deur Horn vir die doel afgesonder is. Die Bybel is nie om die

*Pro Regno*

rede gedeeltelik Goddelik en gedeeltelik menslik nie, maar is tegelyk Goddelik en menslik. Ek herhaal: Die Bybel is menslik, want die mens skryf die Bybel, maar is tegelyk ook Goddelik, want die mens doen dit onder die aandrywing van die Heilige Gees. Ons lees: "Die hele Skrif is deur God ingegee" (2 Tim 3:16).

Die Bybel is gegee as 'n lamp vir ons voet en as 'n lig op ons pad (Ps 119:105); as 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo (Rom 1:16), dit wil sê as 'n rigsgnoer vir hierdie en die toekomstige lewe. Dit bied aan die mense van alle eeue (vgl Ps 119:9,11; Jes 8:20; Heb 4:12) voorskrifte en bepalinge en beloftes (vgl Pred 12:13; Ps 1:1-6) wat vir hul hele lewenswandel rigtinggewend moet wees. Die Bybel is geskrywe in menslike taal, met die bedoeling dat dit deur die mense verstaan moet word (vgl 2 Kor 1:13). En die mense wat dit te boek gestel het, is deur God op so 'n wyse gebruik dat dit op 'n onfeilbare (foutlose) wyse gedoen is:

"Nothing less than the full inerrancy of the original manuscripts of Scripture can serve as a basis for the infallibility of the Holy Scripture as the true word of God" (G.I. Archer).

Volgens S.T. Davis bring hierdie standpunt meer vrae as antwoorde: "The device of appealing to the intention of the Biblical writer, which is used by virtually every contemporary defender of inerrancy, raises more problems than it solves."

Die Bybel is natuurlik nie 'n boek sonder probleme nie. Die oorspronklike dokumente bestaan nie meer nie. Ons besit alleenlik afskrifte van afskrifte en vertalings van hierdie afskrifte. En dit is net hier waar die probleme inkom.<sup>27</sup> Maar probleme veronderstel nie noodwendig foute nie. Die kerk was van die begin af van hierdie probleme bewus en die Bybelverklaarders het deur die eeue heen probeer om 'n redelik aanvaarbare verklaring en oplossing vir die probleme aan te bied. Daar is van die begin af van die standpunt uitgegaan dat daar vir elke probleem 'n redelik verklaarbare antwoord gevind kan word. Nie al die antwoorde oortuig nie, en die laaste woord daarvoor is nog nie gespreek nie. Maar die hantering van die Skrif deur die vaders weerspieël nietemin 'n eerbiedwaardige houding teenoor die Bybel; nie as die woord van mense nie, maar soos dit waarlik is, as die woord van God (vgl 1 Tess 2:13).

<sup>27</sup> Sien my artikel: "Die voorsienigheid van God, die manuskripte en vertalings", waar ek daarop wys dat God deur sy voorsienige bewaring van die afskrifte deur die eeue sy onfeilbare Woord vir ons bewaar het, en dat ons nie die Woord nog te soek nie, ons het dit reeds. Beskikbaar by: [www.esra-instituut.co.nr](http://www.esra-instituut.co.nr) (Kyk onder 'Vertalings').

Dit is net opvallend dat byna al die mense wat foute in die Bybel soek, die antwoorde wat die kerk reeds gegee het, of ignoreer of tekens toon dat hulle nie daarvan bewus is nie. Augustinus het al gesê dat alle probleme met die Bybel aan vertaal-probleme, afskryf-probleme en verstaan-probleme toegeskryf kan word. Daar het nogal heelwat afskryffoute in die Bybel ingesluip, veral wat die getalle betref. Dit kan ons begryp, want die tekenjies wat die getalle aandui, kan deur beskadiging van die perkamente nie altyd goed gesien word nie, en het raaiwerk in die afskryf van die dokumente definitief 'n rol gespeel. Gelukkig is dieselfde sake dikwels in meer as een boek van die Bybel aangeteken, en kon kruisverwysings help om baie van die afskryffoute reg te stel. Die aanhaling van Bybeltekste in die geskrifte van die kerkvaders was ook tot groot hulp in die verband. Die meeste probleme in die Bybel is gewoonweg verstaan-probleme omdat ons nie oor die nodige begrip en kennis beskik nie. Gelukkig het daar soveel dokumente van die Bybel bewaar gebly, dat die kerk deur onderlinge vergelyking daarvan kon verhoed dat die betroubaarheid van die boodskap beskadig is. En al was al die dokumente van die Bybel vernietig, dan sou die kerk uit die aanhalinge van die Bybel in die geskrifte van die kerkvaders die hele Bybel, minus 11 verse, kon saamstel (F.N. Lee).

Van die begin af tot vandag toe was daar dan ook diegene wat hierdie probleme misbruik het om 'n aanval op die betroubaarheid van die Skrif te loods. Dit was hierdie onsimpatieke en negatiewe kritiek wat die ernstige gelowiges verwar het, en vandag nog verwar, sodat dit noodsaaklik geword het om hierdie hindernisse vir die geloof uit die weg te ruim. Daarvoor gaan dit ook in hierdie boek. Ek begin by Genesis en volg die Skrif tot by die laaste boek Openbaring. Ek behandel die vernaamste kritiese vrae wat deur verreweg die meeste vrysinnige teoloë aangetoon word, maar wil nie daarop aanspraak maak dat my antwoorde die laaste woord is wat oor die sake geskryf sal word nie. Daar kan sekerlik beter antwoorde gevind word. Ek kan met 'n skoon gewete getuig dat ek in my jarelange studie van die Bybel niks gevind het wat my laat twyfel of die autographa, dit is die Bybel soos dit oorspronklik deur die Gees van God aan die Bybelskrywers gegee is (vgl 2 Tim 3: 16; 2 Pet 1:20,2 1), die onfeilbare en dus foutlose woord van God is nie (vgl Ps 19:8,9; 119:160; Spr 30:5).

Ek maak deurgaans gebruik van die 1953-Vertaling van die Bybel, omdat die grondteks wat gebruik is, ongetwyfeld nog die beste grondteks is waarvoor ons beskik. Die grondtekste wat vir die Nuwe Vertaling gebruik is, tel klaarblyklik onder die swakste grondtekste van almal waarvoor ons vandag beskik:

“As Burgon observed, B and A contradict one another some 3,000 times; so one of them is lying in each case. Furthermore, both of them at times contain the  
*Pro Regno*

fabrications of known heretics, and therefore are witnessing for Scripture-corrupting error” (J.P. Green). Ek sal in die verloop van my boek etlike sulke korrupsies aantoon.

### Opsomming van die boek<sup>28</sup>

In hierdie boek van dr. Willie Marais kom die volgende feite sterk na vore:

- i. Hy glo onwrikbaar daarin dat die oorspronklike grondteks van die Bybel foutloos opgeteken is.
- ii. Die moderne vertalings van die Bybel gebruik nie meer die Textus Receptus as grondteks nie. Hy bespreek die konsekwensies daarvan.
- iii. Hy behandel die vernaamste teksgedeeltes in die Bybel waarvoor daar sterk verskil van mening onder teoloë bestaan.
- iv. Hy behandel al die Skrifgedeeltes van Genesis tot Openbaring, waarvan hy weet, wat deur sommige teoloë aangedui word as ‘bewyse’ dat daar foute in die Bybel is.
- v. Hy verklaar dat die probleme in die Bybel gewoonlik vertaalprobleme, afskryfprobleme en verstaansprobleme is.
- vi. Hy beweer dat kettters gedeeltes van die grondteks van die Bybel verander het deur weg te laat, by te voeg of te wysig om by hulle standpunte aan te pas. Hy wys op voorbeelde hiervan.
- vii. Hy verklaar dat die ortodoksie ook aan die bestaande grondtekste van die Bybel verander het in ‘n poging om dit so na as moontlik aan die oorspronklike grondteks te bring en dat hulle in dié opsig verskeie foute gemaak het, soos later bewys is.
- viii. Hy wys daarop dat die kerke sekere voorskrifte van die Bybel nie meer eerbiedig nie, omdat dit, volgens hulle, vanweë nuwe omstandighede, nie meer van krag is nie. Hy bespreek dit.
- ix. Dr Marais plaas al hierdie aspekte van die Bybel in die weegskaal in ‘n poging om die gelowiges opnuut vas te maak aan die onverganklike woord vna God (vgl 1 Pet 1:23), omdat die onfeilbare Jesus gesê het dat “die Skrif kan nie gebreek word nie” (Joh.10:35).

**Redakteur:** Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville.

**Kontakbesonderhede:** Posbus 5 Carletonville 2500  
Selnr 083 660 1578 E-pos: [proregno@gmail.com](mailto:proregno@gmail.com)

Esra Instituut: [www.esra-instituut.co.nr](http://www.esra-instituut.co.nr) Blog:  
<http://proregno.blogspot.com>

“As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op”  
– Maarten Luther

<sup>28</sup> Sien die agterblad van die boek.